**15 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: SPREUKE 21**
**FOKUSGEDEELTE: SPREUKE 21:3**

## Bedoel jy regtig wat jy sê en doen?

"Alles begin met 'n plan," het 'n bekende advertensie 'n rukkie gelede gelui. Alles begin met 'n gesindheid, lei ons af uit Spreuke 21:3.

Gister het ons gesien ongehoorsaamheid is dikwels 'n soort afgodsdiens: diens aan jouself of diens aan 'n eie verwronge voorstelling van wie God is of om sy bevele eiesinnig uit te voer.

Vandag sien ons hoekom ons dikwels ongehoorsaam is, selfs al doen ons "goeie" dade. Ons harte is nie reg nie. As dit nie my gesindheid is om God te dien nie, maar myself, kan ek die mooiste offers bring en die edelste dinge doen, maar dit sal steeds skeef en verwronge wees.

"Ek lees mos my Bybel," sê ek. "Kyk hoe voorbeeldig is sy," sê die mense ook dalk. Tog weet net die Here wat ek reg doen. Hy vra: Wat gaan diep in jou hart aan as jy jou offer bring? Jesus het gesê jy kan selfs moord pleeg sonder om 'n vinger te verroer. As jy jou broer haat, is jy immers 'n moordenaar (Matt. 5:21-23)! Die gesindheid van my hart is deurslaggewend. Die Here ken en toets dit! Wat ek doen en sê, moet ook die toets van die Here se alsiende oog kan slaag. Hy weet wat regtig reg en regverdig is.

*Sing: Psalm 51:8 (Totiusberyming)* *Ds Anton Janse van Rensburg (Paarl)*